

Geliefde Lourensrivierder

Hierdie weer maak dat mens sommer so anderste voel aan die binnekant... miskien bietjie mistroostig, miskien nostalgies, miskien mymerend.... weet nie eintlik, maar daar is so 'n gevoelentheid 😊 Verseker 'n oormatige gevoel van dankbaarheid, maar ook 'n anderste gevoelentheid 😊 Dis amper so 'n gevoel van kaggelvuur, mooi musiek, die ou dae, boeke en gedigte....

So van die os op die jas en terwyl ons van gevoelentheid praat wil ek graag een van ons gemeentelede se bydrae deel:

Hy skryf:

"Laasweek Maandag was ek in 'n ongeluk gewees. Niks fout met my nie maar die twee tjorre seer gekry..... Sit en dink nou na oor my ongeluk en so.... Hoe lyk ons geloofsvoertuig? Ons ry hom in die lewenspad, soms moedswillig, soms nie en dan stamp, skuur ons die geloofskar.

En dan kom die duiwel se agente en kom smêsh jou kar nog verder op. Lyk later of jy aan 'n crash car resies deel geneem het. En dis hoekom ons ons karre na die garage toe moet vat om deur die beste Mekaniek reg gemaak te word. Met 'n mooi reggemaakte kar gaan durf ons weer die paaie aan om dit net later weer gebuig en geskraap, met stoom wat voor uitborrel, en bolle rook agter, in die ry by die garage te gaan staan. En dan ry ons weer....

Nou as 'n mens net wil toelaat en die leisels oorgee aan die Here en jy gaan sit agter in die kar....

Imagine die duiwel se agente stop jou kar en dan sien hulle die Bestuurder... wat gaan hulle vir hul baas sê as hulle wonder wie dan agter sit?"

-Peter Rau-



NUUSKRUMMELS: 14 JUNIE 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

'N BAIE GESËENDE PAPPADAG AAN AL ONS VADERS

→ ENIGE ←
IEMAND KAN
'N VADER
WEES.
MAAR DIT VAT
→ 'N SPESIALE ←
MAN · OM 'N
→ PA TE WEES! ←

'n Pa is
iemand
na wie
jy opkyk
maak nie
saak hoe
lank jy al
gegroei
het nie...

DINAMIET KIEDZ:

Daar is wel byeenkoms Sondag, al is dit Vadersdag.



DEUR OFFERANDES:

Sondag se deuroffer is vir die ondersteuning aan **Zimbabwe, Mosambiek en Malawi** Sendingwerk.

Inligting daarvoor is te vinde by <http://kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/>. Soek **Zimbabwe, Mosambiek en Malawi** en klik op die verlangde dokumente.

Getuienisaksie was onlangs na Malawi, Mosambiek en Zimbabwe om weer foto's te neem, onderhoude te voer en die inligting so maklik moontlik beskikbaar te maak. Sodoende bly almal op hoogte van hoe deuroffers aangewend word.

Lees ook meer oor Getuienisaksie by <https://twitter.com/WitnessGetuie>, <https://www.facebook.com/KommissieGetuienisaksie> en <http://getuienis.christians.co.za/>.



Mariëtte Odendaal: Kommunikasiebeampte - Getuienisaksie

NG Kerk-familie in Kaapstreek

021 903 0956 / 073 750 0866

kgakommunikasie@kaapkerk.co.za

<http://www.kga.org.za/wp/>

NUUS UIT ONS GEMEENSAP:

A poster for a performance by Lee Berg. The top part features a large, stylized 'LB' logo in a circle and the name 'LEE BERG' in a gothic font. Below this is a black and white photograph of Lee Berg singing into a microphone. The bottom part of the poster contains text in a gold, textured background.

**FONDSINSAMELINGS FUNKSIE VIR BARTHO LOMBARD
WAT LY AAN PSP (PROGRESSIEWE SUPRANUKLIËRE
VERLAMMING)**

KUNSTENAARS : LEE BERG & ACOUSTICVIBE

DATUM: VRYDAG, 29 JUNIE

TYD: 19:00

PLEK: STRAND GOLFKLUB

PRYS: R100 P/P

BESPREKING: kvv@sun.ac.za

KONTANT KROEG

PIZZA'S EN HAMBURGERS @ BILLIKKE PRYSE

VIR NAVRAE KONTAK KAREN: 082 333 8098

KNIEWERK

- ✦ Ons loof die Here en dank Hom vir die reën en dam vlakke wat gestyg het.
- ✦ Ons bid dat die gemeenskap steeds water sal bespaar.
- ✦ Bid vir ons land se leiers
- ✦ Sannie le Roux vir gesondheid
- ✦ Tilla Stemmet vir gesondheid

DRINGENDE GEBEDSVERSOEK:

Bid asb vir die situasie in die Noorde van Mosambiek waar wydverspreide aanvalle deur Alshabaab terroriste plaasvind. Die groep is sterk godsdienstig-militant, die vegters doen dit in die naam van 'allah'. Hulle teiken die afgewaterde godsdiens van die plaaslike Islam en ook Christene. 'n Paar moskees en kerke is al afgebrand. 'n Groep wat vroeër beplan het om Christenleiers suid van Palma aan te val, is deur die soldate geneutraliseer.

By Andre en Anna-Marie Thiart-hulle het die plaaslike gemeente gereël dat weermag soldate hulle oppas. Bid asb vir hulle asook vir Andries Swartz-hulle gedurende die tyd van onrus en onsekerheid.

Vir meer inligting, kontak: Louis Koekemoer (0837893189)

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 17 JUNIE SE BOODSKAP: 1 SAM. 15:34-16:13 (4DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Ons teks praat sterk oor leierskap, en oor die feit dat leiers aan God verantwoording verskuldig is. God het 'n opinie oor die kwaliteit van leiers se gehoorsaamheid aan wat God vra. Leierskap is iets wat weggeneem kan word wanneer leiers gruwelik faal. Selfs in hierdie Koninkrykstyding waarin ons tans is, voel dit dikwels vir ons asof ons Koning so ver is, asof ons nie sy seën beleef nie, asof Hy nie vir ons omgee nie. Die vraag is: Is dit God wat wegtrek van ons af, is dit sy skuld dat ons nie sy seën beleef nie, of lê die probleem by ons? (Jes. 59:1-2) Die geskiedenis herhaal homself in drie groot figure se ongehoorsaamheid aan God. Gehoorsaamheid het niks te doen met 'n klomp reëls wat nagekom moet word nie – die regte dinge doen of sê of nie sê of doen nie. Nee, gehoorsaamheid is om te doen wat God, deur sy Woord vir jou sê om te doen. Ongehoorsaamheid is om nie te doen wat die Bybel vir jou sê om te doen nie. Ongehoorsaamheid is om teen God se wil te lewe. Ongehoorsame mense dink hulle het vir God lief, maar dit gaan meer oor hulleself (selfliefde).



Ons teks kommunikeer ook veel oor God. Aan die een kant laat dit ons met vrae oor God, wanneer ons bv lees van die opdrag om die Amalekiete uit te wis. Ons weet dat God se weë nie ons weë is nie. Maar ons weet veral dat God se openbaring sy hoogtepunt in Jesus Christus het. In Christus sien ons God op sy helderste, veral aan die kruis waar God se liefde vir die sondige wêreld openbaar word. Alles in die Skrif moet in die lig van Christus verstaan word. Uit ons teks is veral duidelik dat God 'n lewende God is. God kan van plan verander in die lig van veranderde omstandighede. God kan spyt kry. God is 'n lewende Persoon. Die God van die Bybel is soveel anders as die starre, onbeweeglike, onveranderlike, afwesige, veraf, koue God van die Griekse filosofie – 'n godsbeeld wat steeds baie invloedryk in die Weste is. Nee, God lewe en is 'n Persoon, God stap die pad met mense, God het 'n hart wat klop. God sien dieper as ons en reageer met veel groter insig as ons.

Ons troos is – soos bv. die Psalms leer – dat God onveranderlik in God se liefde en trou teenoor is. Daarop kan ons reken.

Hierdie lied kan ons help om na te dink oor die feit dat God – soos vir Dawid – ook vir ons kan gebruik.

“But when others see a shepherd boy, God may see a king
Even though your life seems filled with ordinary things
In just a moment He can touch you and
everything will change....”

SHEPHERD BOY, gesing deur Ray Boltz:

Klik op skakel:

<https://www.youtube.com/watch?v=mkNhPbol-5Y>

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier

